**Groeneweide-staproete – ’n Vars Herfsoggend Avontuur**

Soms begin die mooiste dae op die koudste oggende, en hierdie een was geen uitsondering nie.

Die oggendlug op Saterdag, 18 April 2026, het gebyt, en ons het amper nie vinnig genoeg in die motors geklim om George toe te ry nie, maar daar, in die vars oggendlug, het iets besonders al begin vorm aanneem. Ons het die res van die groep ontmoet - van George en Groot-Brakrivier, en daar was sommer dadelik ’n gevoel van opgewondenheid en samehorigheid.



*Van links na regs:*
*Frans, Louisa, Marina, Deon, Jolinda, Pieter, Colin, Annelies, Ampie, Nicky, Arthur, Monia, Krige, Makayla, Anrie, Mariaan, Lara, Elsa, Karina en Gerhard*

Na ’n kort verwelkoming en inligtingsessie het ons 21 gretige stappers die bos binnegestap, en dit het nie lank geneem voordat die wêreld rondom ons verander het nie.





Die reën van die vorige aand het die woud wakker gemaak – elke blaartjie, elke stukkie mos, elke druppel water het geskyn. Dit het gevoel asof ons ’n ander wêreld binnegestap het, amper soos iets uit ’n storieboek.







Ongeveer 1.5 km in die stap het ons ‘n nou deel van die Kaaimansrivier oorgesteek – helder, vars en lewendig. Die geluid van die water, die lig wat deur die bome filter, en die sagte gesels van die groep – dit was een van daardie oomblikke wat jy net wil vasvang.





Die Groeneweide woud bestaan uit drie roetes. Almal is mooi en duidelik gemerk met wit stapvoetjies, en ‘n rooi, groen of blou agtergrond. Ons het die groen roete aangepak, wat die kortste roete van die drie is.





By die punt waar die groen, rooi en blou roetes verdeel, het ons ons eerste ruskans geneem. Daar was warm koffie, laggende gesigte en daardie rustige stilte wat net die natuur kan bring. Geen haas nie, net die oomblik.

Verder langs die roete het ons weer by ’n houtbrug gestop – party het sommer voete laat hang, ander het net stil gesit en ingeneem wat om hulle is. Die son het plek-plek deurbreek en die bos was aan die gloei.

Die laaste stilhouplek, weer by die Kaaimansrivier, het gevoel soos ’n sagte afsluiting van iets besonders. Nie net ’n stap nie, maar ’n ervaring, maar wat hierdie dag werklik onvergeetlik gemaak het, was nie net die roete nie – dit was die mense: ’n Groep vol warmte, lag, stories en gedeelde oomblikke, vreemdelinge wat gou soos ou vriende begin voel het.

Dankie aan elkeen van julle wat saamgestap het en hierdie dag so spesiaal gemaak het. Mag ons nog baie sulke oggende beleef, waar die lug vars is, die bos stil praat, en die wêreld vir ’n rukkie net… eenvoudiger voel.

Dankie aan al ons plaaslike fotograwe vir die klein kykie in ons eie kabouterland.

Wederom – tot volgende keer!

**Jolinda Viljoen**